3 Julie 2020

NG Gemeente Stellastraat

B L I T S N U U S

Dit is tyd vir karakter wys!

Dit is nou nie meer lekker nie! En dit lyk of daar min lig voor in die tonnel is. Wanneer gaan dit verby wees? Ons word nou behoorlik getoets. Ons weet nie eers hoe om te dink nie! Jy weet nie meer wie om te glo nie, en hoop het plek-plek vaag geword.

Dit is nou die tyd om karakter te wys. Dis die laaste 30km van Comrades. Kop omlaag en een voet voor die ander. Kom ons help mekaar om positief te bly. Realisties, versigtig, maar positief.

Stellastraat 5 - 12 Julie

Sondag 5 Julie se virtuele oordenking is voorberei deur Fay. Die tema daarvan is *"Die skoene aan jou voete"* en die teks Levitikus 25:1-10. Jy kan die oordenking volg by dié skakel **https://youtu.be/TtMa3m49Vyg**

Die kleuterkerk is deur Marina en Fay voorberei en die tema is: *"Goeie nuus kry voete"* en die teks Handelinge 9:1-19. Hier is die skakel **https://youtu.be/eweeHgP-wOc**

Sondagaand 5 Julie se Tuis-Adoramusdiens is deur Tienie voorberei. Die tema hiervan is *"Hoe hoor jy God se stem?"* Jy kan gerus op die skakel kliek as jy dié in jou diens wil meedoen
http://stellastraat.co.za/wp-content/uploads/Adoramus-5-Julie.pdf

Jy kan natuurlik Sondagoggend 'n stilword-geleentheid in die kapel van Stellastraat bywoon. Dié vind 10:00 plaas en Anton en Maricus gaan dit lei. Die geleentheid behels musiek, teksvoorlesings en poësie. Onthou dat jy die Kerkkantoor vooraf moet kontak as jy die stilword-geleenthede wil bywoon.

Onthou dat jy Sondagaand 18:00 virtueel by die Soekligbyeenkoms kan inskakel. Prof Alfonso Groenewald en James gaan die gesprek lei deur te vertel hoe trauma voor gekom en hanteer is in die profetiese boeke van die Bybel. Dié onderwerp behoort baie aktueel te wees in die lig van die trauma wat covid-19 in ons tyd veroorsaak. Onthou om vooraf vir James te laat weet as jy deur die zoom-sisteem by Soeklig wil inskakel. Hier is die Zoom skakel **https://us02web.zoom.us/j/89498967579** *Meeting ID: 894 9896 7579*

Volgende Sondag is ons in die kerk

In die komende week is daar weer twee stilword-geleenthede. Vandeesweek word dit deur Tienie gelei. Nie virtueel nie, maar in die kapel met musiek, teksvoorlesing, poësie en stilte. Die eerste is Woensdagoggend 10:00 in die Kapel en die tweede is aanstaande Sondag 10:00 in die kerk. Die enigste voorwaardes is dat jy die Kerkkantoor moet kontak en jou 'teenwoordigheid' bespreek. Dit is 'n belangrike regulasie van die staat.

Die Jeuggroepe se lesmateriaal vir die week is beskikbaar. Dankie vir die Jeuggroepleiers en die jongmense wat nie momentum verloor met die Jeuggroepe nie!

"GOEIE NUUS KRY VOETE"
"Iets kry voete" is 'n uitdrukking om te sê iets het weggeraak. Maar in Handelinge lees ons hoedat die Goeie Nuus (die Evangelie) voete gekry het deurdat die gelowiges waar hulle gekom het, oor die Here gepraat het. Een persoon wat uitstaan in die geskiedenis van die ontstaan van die vroeë kerk is Paulus. Nie net was hy verantwoordelik vir die grootste deel van die NT se geskrifte nie maar het hy talle gemeentes in Klein Asië gestig. Paulus was egter nie van die begin af 'n Christen nie. Hierdie Sondag gaan beide die **junior en senior jeuggroepe** gesels en saamdink oor die verhaal van Paulus en hoe sy verhaal ons vandag nog inspireer (Hand 9:1-19).

Ons wil graag ouers aanmoedig om die jongmense in die huis te help om by die jeuggroepe in te skakel. Die groepleiers reël Zoom-gesprekke met die jongmense. Jy is welkom om vir Tienie (083-6275086) te kontak as jy enige vrae het.

Die **huisgeloofgesprek** wat saam met die Kleuterkerk se tema gaan: Gesels as gesin oor: "Die Here gebruik gewone mense om Sy hande en voete te wees. Wie is vir jou 'n voorbeeld van iemand wat deur die Here gebruik word?" Gee vir elkeen in die huis kans om hieroor te gesels. Hoe kan ons die Here se hande en voete wees?

Ons sê dankie!

Dit was weer Stellastraat se voorreg om kartondose vol kruideniers aan minderbevoorregte mense in ons stad te gaan gee. Tagtig (80) bokse waarvan elkeen se inhoud ongeveer R800 se kruideniers is, is in die week afgelewer. Die gemeente is Christo en Eleanor du Preez baie dankbaar vir hulle reuse werk, bydrae en leiding in die projek! Twee en dertig (32) van die bokse kruideniers is nog nie geborg nie. Dankie as jy daarmee kan help.

Baie dankie vir jou hulp!

Ons besef dat dit toenemend moeilik is om by al die finansiële verpligtinge wat aan 'n huishouding gestel word, uit te kom, maar vra dat jy steeds sal probeer om jou maandelikse dankoffer te prioritiseer. Indien dit enigsins vir jou moontlik is, las asseblief jou normale erediens dankoffer (kollekte) aan by jou bydrae om te help met die tekort. Dit sal baie waardeer word.

Maricus is ook nou virtueel!

Jy kan inskakel en heerlik na dertig minute se orrelmusiek van Maricus le Grange en Rolf Rencken luister! Hierdie week se orrelkonsert is uit die NG Raslouw.

Gaan kyk gerus en sluit aan by hulle kanaal. Konserte is beskikbaar op Sondae van 08:00 af. Dankie vir almal se ondersteuning! Volg net dié skakel -
https://www.youtube.com/channel/UC1YpLKCtcZUOgrGu0iQfedg

Verjaarsdae 5 - 11 Julie

Ons wens graag die volgende lidmate geluk met hul verjaarsdae!

Sondag 5 Julie: Louise Basson, Quinton Brink, Jan de Beer, Jan du Raan, Jealise Goosen, Tiana Köpplinger, Dirk Reyneke, Neels Roos, Haya van Marle, Celeste Venter, Neldie Winterbach.

Maandag 6 Julie: Bella König, Jacques Smith, Melanie van Niekerk, Leon van Wyk, Jaco Zwarts.

Dinsdag 7 Julie: Charles Biddulph, Claire de Vos, Martina de Vos, Mia Fourie, Lorentz Malan, Etienne Stiglingh.

Woensdag 8 Julie: Lizé Janse van Rensburg, Heilda Pitzer, Andre van Niekerk.

Donderdag 9 Julie: Rita Botes, Liesel Dreyer, Caren Leonhardt, Lindie Oberholzer, Eliz-Mari Prinsloo, Aldo Roux, Charl van Niekerk, Vida van Staden, Ben Visagie, Rika Wynne.

Vrydag 10 Julie: Elize Diener, Dawid le Roux, Kaylin Mears, Kobus Pitzer, Jean van Freden.

Saterdag 11 Julie: Stephan Claasen, Yolandi de Leeuw, Marius Henneke, Marilize Jacobs, Luan Labuschagne, Elize Pistorius, Suzette Roberts, Emma Ruttkamp, Tertius van der Gryp, Christiaan van der Merwe, Este van Marle-Köster, Erine van Staden.

Ons dink aan

Elri Jacobs van Thatchersfield 277 wie se moeder oorlede is.

Carel en Ina Roos van Jupiterstraat 309 is beide weens siekte in die hospitaal opgeneem.

Klein Hanna Joubert (18 maande oud) van Andersonstraat is met kanker gediagnoseer.

Pieter Swanepoel van Brookstraat is ook ongesteld as gevolg van kanker.

Natalie Lubbe word steeds behandel vir haar ongesteldheid.

Leon Herbst word in Life Groenkloof versorg maar gaan moontlik vandag huis toe.

Moedie Reyneke word in Lynnmed se nasorg-kliniek verpleeg.

Johan Fischer word tuis versorg.

Nuwe lidmate

Baie welkom aan die volgende nuwe lidmate by Stellastraat!

Barend Jacobus Erasmus, Estelle en Carlien Taute van Gileadstraat 710, Faerie Glen.

NG Gemeente Stellastraat

Stellastraat 158
Waterkloof
0181

Tel: 012 460 8570
Faks: 086 480 7844
Epos: info@stellastraat.co.za

Bankbesonderhede:
Bank - ABSA
Tjekrekeningnommer
540 580 022
Takkode - 632 005

www.stellastraat.co.za